TOULEIER

ANDERKANT DUSKANTLAND

Tussen niks en nêrens op die Drakensberg

Hoofstuk Een. Deel xvii

Die eerste dag se klim was omtrent als opdraand en sowat 10 km ver in die rigting van die Mweni Cutback-gebied op die eskarpkant . Hierdie gebied word allerweë beskou as een van die mees ongerepte en wildste gebiede in Lesotho. Pragtige natuurskoon, hoog in die lug, naby aan die hemel.

Onder normale omstandighede is tien kilometer se stap nie te ver vir stappers nie. Dis nou behalwe wanneer die lug dun is en helling steil bly. Middelmiddag verlaat ons die Malutiberge en raak die grond meer gelyk aan die Drakensberg kant. Ons begin effe meer spoed optel. Die teiken is Ledgers se grot.

Alain bestudeer kort-kort sy lugfoto van die gebied. Laphoed in die hand krap hy aan sy kroontjie. Elke keer as hy dan aanstryk, verander hy baie subtiel net so 'n bietjie van rigting. Daar is nie voetpaadjies nie en mens stoei jou eie pad oop deur die lang berggrasse.

Daar is nie meer baie plekke op hierdie aarde waar mense nog nie spore getrap het nie, maar hierdie is een van hulle. Bokant ons sweef 'n eensame lammervanger. Hoop hy dalk vir een van ons se beendere, wit te verbleik in die son?

Uiteindelik, ná so 'n paar vrugtelose Kaapse esse, kondig Alain aan ons het miskien so ietwat verdwaal. Êrens tussen niks en nêrens, bo-op die Drakensberge. Ek wonder nog hoeveel ekstra kilometers ons daardie dag afgelê het.

"Wag julle hier, dan gaan verken ek vooruit" besluit Alain en hy gooi sy rugsak af. Almal verwelkom die blaaskans terwyl die ekspedisieleier pad vat na die oosterkim. Esther kyk hom bekommerd agterna. Verdwaal hy, is ons almal aasvoëlkos. Ons bly egter baie kalm en maak tee. Miskien slaap ons nog hier.

Die sonnetjie begin sak en 'n ysige windjie steek op. Esther sien eerste die wuiwende figuur wat in die skemering op die eskarp se rant verskyn. Alain het Ledgers gevind. Hy sit en wag vir ons op die rand van die afgrond. Ons is nie in die wolke nie, ons is bokant hulle.

Onder ons, ingepak soos reuse bolle spierwit watte, vir so ver as wat die oog kan sien, strek 'n donsige wit wolkombers. Vir 'n hele rukkie staan almal net woordeloos en in verwondering en kyk hoe die cumulus nimbus-wolke groei en kwyn voor ons en hoe die sakkende son, van ligte pienk spatsels, tot diep rooi fluwele, inverf op hulle dye.

Alain beduie vir ons waar Ledgers se grot is. 'n Gapende gat in 'n amper loodregte krans, so twintig meter onder ons. Van hier bo af lyk die lysie wat na die grot toe lei maar blerrie nou. Ek skraap moed bymekaar. Gelukkig het ek gedurende my skooljare dikwels Tafelberg uitgestap. Ek help Kamermaatjie met haar rugsak en ons begin afklim.

Agter my hoor ek hoe Alain en Esther stry kry. "Dis nie nou die tyd om vir my te vertel jy het hoogtevrees nie!" "Ek ly ook daaraan", voeg Mike lam by. Sonder omkyk klim die ander drie van ons af na die lysie. Die is toe darem redelik wyd. Die grot is duidelik al deur vele voorgangers vir veilige vesting gebruik . Ons kry selfs 'n klompie droë hout en gou knetter 'n vrolike vuurtjie by die grot se bek. Dan word die stilte van die afgronde daar buite verbreek.

Alain is duidelik ontstoke: "Ag nee, my liewe magtig man!" ***(Word vervolg.)***

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Deurmekaar mense

Hy weet nie of hy Agnes of Angus is nie.

Hy weet nie of dit Dinsdag of Dingaansdag is nie.

Kwaai dreigemente

♦ Ek sal in jou keelgat afklim, die vleis van jou ribbes sny sodat jou siel deur die tralies kan loer.

♦ Ek sal in jou keelgat afklim, die vet van jou derms stroop en daarmee 'n kers maak wat jou pad hel toe sal verlig.

Die herkoms van gesegdes (41)

Slaai: In iemand se slaai krap (iemand benadeel (in liefdesake))

Dié spreekwoord is miskien nie so onskuldig as wat dit lyk nie. Daar word gewoonlik aanvaar dat dit histories net mans is wat in mekaar se slaai krap. Die slaai as sinoniem vir meisie, nooi is ook interessant.

In 'n ou Nederlandse bron kom voor: Wou hij zich nou nog vermaken met het oppeuzelen van een zóó blond slaatje (een meisje).

Die gebruik van 'n woord wat 'n lekkerny beskryf om na die vrou en haar geslagsdeel te verwys, is so oud soos die berge. Bekend is koek, tert, middeldeurtert en ander. Ook in Engels het ons byvoorbeeld cherry, tart. Die krap voltooi die kru prentjie.

Snaps(ie): 'n Snaps(ie) maak ('n drankie drink)

Snapsie kom uit Hoogduits Schnapps, die bekende drank

Snuf: Snuf in die neus kry (agterdogtig word)

Een betekenis van snuf is 'n reuk of geur; as dit sleg is, wek dit 'n vermoede by die persoon wat die lug met sy neus snuif.

Pragtige ou volksrympie

Iemand het hierdie stokou Afrikaanse volksrympie opgediep. Die woorde is deur sy pa aangeteken:

Dis die rooi span osse en die halftentwa.
Voor op die wa sit die vaalbaardpa.
Agter in die tint sit die ma met die kind.
Onder die wa draf die hond Geswind.
Voor die tou loop die swarte kriek.
Agter die wa sit die yster-briek.
Die hotagter os heet Afrika.
Die haaragter os help die disselboom dra.
Die hot op vier is 'n pragtige dier.
Die haar op vier kom van Vetrivier.
Die hot op ses is 'n rooie met 'n bles.
Die haar op ses dié heet Moles.
Die hot op agt die trek met mag.
Die haar op agt die toon sy krag.
Die hot op tien die laat hom sien.
Die haar op tien het sy plek verdien.
Die hot op twaalf is 'n ou-koei se kalf.
Die haar op twaalf is 'n bees en 'n half.

♦ **Is daar dalk 'n leser van Kammanuus wat dit of ander ou volksrympies ken?**

Hoe maak hulle?

Al ooit gewonder watse geluid die volgende diere maak? (Dis nou te sê as hulle Afrikaanssprekend is!)

♦ganse gaggel (of snater of blaas)
♦kalkoene koel-koel (ja, sowaar)
♦kangaroes hoes
♦ratels snuif
♦ribbokke fluit
♦olifante trompetter

Duskantlander in Anderkantland

My hart lê in twee plekke . . .

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Gister sit ek en werk deur 'n paar fotos van ons onlangse tuisbesoek. Ek is tuis in my Akkra huis en my kat, Misca, is verheug oor my terugkoms. Maar my ander huis wag in Windhoek en daar sit my mal maltees heeltyd by die deur en wag vir my terugkoms. Party mense het geen huis, ek het sommer twee, in twee verskillende lande. Waar ook al ek my bevind, mis ek die ander huis, mense en dinge.

Ons was met vakansie in Namibië maar almal óm ons kap net aan soos altyd. Dis 'n ontnugtering dat die lewe tuis so normaal sonder ons kan voortgaan. Selfs Namibië se jagseisoen het gekom en gegaan sonder ons insette.

Elke dag bied Akkra vir ons 'n ander uitdaging. Kragonderbrekings, korrupsie, vreemde tradisies, immigrasiedrama en moeilike werksomstndighede laat jou wonder, *wat soek ons eintlik hier*? Inkopies bly 'n uitdaging, lekker vleis is iets waarvan mens altyd bly droom, en aan harde blêrmusiek raak ons nooit gewoond nie. Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd mymer ek oor al die goete tuis waarna ek na verlang en misloop.

Mense is maar nuuskierig oor ons doen en late in die vreemde. 'n Mens moet versigtig wees om nie soos 'n tweegatjakkals te klink nie. Daar is 'n fyn balans tussen een wat weet waar hy vandaan kom, en een wat weet watter kant sy brood gebotter is. Natuurlik werk ons in Akkra vir finansiële redes, maar my hart trek met 'n lang punt terug na Windhoek.

Elke land het sy eie drama. Suid-Afrika se kriminele, korrupsie, werkloosheid, politieke eskapades en regstellende aksie laat mense vuisvoos. Dis 'n fout om te dink alle ander Afrikalande is dieselfde. Elke keer as iemand reken ek is kamatig so *dapper* om in 'n stad van meer as vier miljoen ander Afrikane te woon, dop my oë om. Hier in Akkra is ek baie veilig. Hier is geen motorkapings, geweldadige misdade, moorde en gruwelike motorongelukke nie.

Ek het ná baie jare 'n fyn balans gevind oor my belangstelling in die tropiese woude, historiese kastele en vreemde tradisies. Interesante mense in Akkra vanoor die hele wêreld kom en gaan en 'n mens maak nuwe vriende en groet bekendes soos wat hulle kontrakte beginner en eindig.

Dis hartseer om afskeid te neem van nuwe vriende, maar hartverskeurend as geliefdes tuis ernstig siek word, en soveel erger as hulle onverwags dood en ons sit hier in die stokkies.

Dit gebeur dat vriende van vriende hier in Akkra kom besigheid doen. Hulle vra uit na die beste restaurante, besienswaardighede en waar om so ietsie van Afrika te koop teen 'n redelike prys. Ha! Daar is geen rede om iets nié te vind nie. Ek is geen spermsel nie, ek vra sommer padlangs rigting en advies vir vreemdes en gedra my soos 'n toeris. Ek kan nie ophou praat nie, hoeveel tyd het hulle? Dit wil voorkom asof ek meer weet van Akkra as die mense wat hulle hele lewe reeds hier woon.

Die reuk van braaivleis, kaneel, nat reën, swembadchloor … sommige dinge in Akkra maak my heeltemal nostalgies oor my ander huis in Namibië. Die wêreld is klein, en die afstand huis toe word gemeet in vlugure. Alles wat ek nodig het, dra ek rond in 'n enkele reistassie.

Met die klik van 'n Skype-knoppie gesels ek met my moeder in haar eie sitkamer. Ons sit met biltong voor die televisie, koue biertjie in die hand en kyk krieket. Dis nie dieselfde as braai langs die veld nie, maar dit moet maar doen vir eers.

Lesing by die kenner

Koos (80) was op pad toe die spietkops hom in die nanag stop en wil weet waarheen hy op pad is.
"Ek is op pad na 'n lesing oor alkoholmisbruik se gevolge vir die menslike liggaam, die rookgewoonte en laat uitbly."
Spietkop: "En waar gaan jy hierdie tyd van die nag dié lesing kry?"
Koos: "By my vrou."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

SKRIFTELIKE TOETS

IS JY DRONK?

☐ JA
☐ NEE

'n Dag sonder SARKASME is 'n verlore dag

IETS GELEER

'n Trotse jong Vrystaatse mamma sien haar enigste seuntjie af by sy skool vir sy eerste skooldag.

"Wees 'n goeie seuntjie, my goggatjie! Dink baie aan Mammie, Soetlappie! Wag vir Mammie by die hek, my skatte-bolletjie! Mammie is baie lief vir jou, onthou dit liefling!"

Aan die einde van die skooldag wag sy vir hom by die hek.

"En wat het my sterretjie geleer op sy eerste dag by die skool?"

Die seuntjie het so bietjie gedink en antwoord:

"Ek het geleer dat my naam Hendrik is."

DIT SAL NOG GEBEUR

Madonna is 55, haar kêrel is 22.

Tina Turner is 75, haar kêrel is 40.

JLo is 42, haar kêrel is 26.

Mariah Carey is 44 en haar eggenoot is 32.

Is jy nog enkellopend?

Ontspan, jou kêrel moet nog gebore word.

PAPPA KAN MAAR

Op Muizenberg se strand hardloop 'n dogtertjie na haar ma en sê:

"Mamma, kan ek gaan swem waar die branders breek?"

Haar ma kyk van haar tydskrif op.

"Nee, Liefie, dis nie veilig daar nie en daar kan haaie in die see wees."

"Maar Mamma, Pappa swem dan daar?"

"Ja, ek weet. Maar jou pa is verseker."

DIE SKELM TAXIRYER

Van der Merwe en sy nuwe meisie, Saartjie, was op 'n plaaspad in die die Grabouw-distrik geparkeer, taamlik ver van die dorp.

Dinge het begin warm raak toe Saartjie hom stop.

"Ek moes dit seker vroeër gesê het, maar ek is 'n sekswerker en my prys is R150."

Van der Merwe het haar só gekyk, haar onwillig betaal en hulle het vir die volgende uur laat waai.

Agterna het Van der Merwe 'n sigaret gerook en net by die karvenster sit en uitkyk.

"Hoekom gaan ons nie iewers heen nie?" het Saartjie gevra.

"Wel," het hy met 'n grinnik gesê, "ek moes dit seker vroeër gesê het, maar ek is eintlik 'n taxibestuurder en die fooi Grabouw toe is R200."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Rosie se gat gaan uiteindelik toegestop word. Trouens, al die slaggate op daardie pad, gaan mettertyd gevul word.

Kammanuus se lesers onthou dalk nog hierdie foto wat ons 'n jaar gelede geplaas het van Rosie Morrison wat as vorm protes in een van die slaggate op die R36 tussen Machadodorp en Lydenburg "gebad en boek "gelees" het.

Nou het Mpumalanga se departement van openbare werke, paaie en vervoer darem reeds begin om die roete waarop dié berugte slaggat is, te rehabiliteer.
Dit sal sowat R120 miljoen kos en die 15 km-pad sal glo in Desember 2016 gereed wees.

Dit duur darem lank, nè.

BOODSKAP VAN ESKOM

Ons het ongelukkig nie altyd vir julle krag nie.

Maar as ons het, moet julle dit asseblief nie gebruik nie.

SAAM HOU ONS DIE LAND IN DIE DONKER EEUE

Die drink van alkoholiese drank voor swangerskap kan swangerskap veroorsaak

Slimjanne se antwoorde

♦ Dit was etenstyd op 'n vlug van British Airways.
"Wil jy aandete hê?" vra die kelner die man in die voorste ry.
"Watter keuses het ek?" vra hy.
"Ja of nee," antwoord sy.

♦ Die vrou was besig om tussen Woolworths se bevrore hoenders na 'n groot een vir haar gesin te soek.
"Word hierdie hoenders groter?" vra sy die assistant.
"Nee, Mevrou. Ek vrees hulle is reeds dood," antwoord hy.

♦ Die spietkop trek 'n vir spoed man af. Die man rol sy venster oop.
"Ek wag al heel dag vir jou," sê die spietkop.
Die man antwoord: "Ek is jammer. Ek het so gou gemaak as wat ek kon."
Die spietkop het so gelag dat hy hom verder laat ry het.

♦ Die lorriedrywer sien 'n padteken voor hom. Dit lees: Lae Brug Vorentoe.
Voordat hy hom kom kry is hy onder die brug en sit sy lorrie vas.
Die verkeer dam agter hom op en uiteindelik kom daar 'n polisieman aan. Hy klim uit en sê: "Ek sien jy haak onder die brug vas, nè?"
"Nee," sê die lorriedrywer. "Ek is besig om 'n brug af te lewer en my brandstof het opgeraak."

Die belangrikheid van MUISBALLETJIES

Die volgende memo in verband met rekenaar spoed probleme was in alle erns deur IBM uitgestuur aan al hul ingenieurs. Die manne het gerol van die lag. Let veral op die laaste paar sinne:

Indien 'n muis nie na wense funksioneer of ongelyk (ongereeld) funksioneer, mag dit moontlik n balvervanging benodig. Muisballetjies is tans verkrygbaar by VVE (veld vervangingseenhede).

Weens die delikate aard van hierdie prosedure moet muisbalvervanging slegs deur bekwame, behoorlik opgeleide persone uitgevoer word.

Voordat die prosedure begin, moet die aard van vervanging vasgestel word. Inheemse balle sal groter en harder wees as ingevoerde balle.

Balvervangingsprosedures verskil afhangend van die oorsprong van die muis. Uitheemse balle kan met die uitdrukmetode gedoen word. Muisballe is gewoonlik nie staties sensitief nie, maar oordrewe hantering kan skielike ontlading tot gevolg hê.

Die muis kan onmiddelik ná suksesvolle vervanging aktief wees.

Dit word aanbeveel dat elkeen 'n paar spaar balle besit vir algehele kliënte-bevrediging.

Enige kliënt wat balle benodig, moet kontak maak met die personeel in beheer van verwydering en vervanging van hierdie belangrike onderdeel.

Onthou asseblief dat 'n kliënt sonder behoorlike werkende balle 'n ongelukkige kliënt is.

STADIGER DENKE:
Dis omdat ouer mense eenvoudig slimmer is!

Ouer mense se breine is stadiger omdat hulle so baie inligting bevat. Wetenskaplike glo mense gaan nie verstandelik agteruit met ouderdom nie. Dit vat hulle net langer om feite op te roep omdat hul breine so vol is.

Dis baie soos 'n rekenaar se hardeskyf wat vol word - dan duur die oproep-proses ook langer.

Wetenskaplikes sê die stadiger oproepproses het niks met kognitiewe agteruitgang te doen nie.

Die menslike brein werk wel stadiger met ouderdom, sê dr. Michael Ramscar, maar dit net omdat hy in daardie stadium so baie inligting opgaar - die brein wéét net meer.

Ouer mense gaan dikwels na 'n ander vertrek om iets te kry, en wanneer hulle daar kom, het hulle vergeet waarna hulle soek.

Dit is NIE 'n geheueprobleem NIE - dis net die natuur se manier om seker te maak dat hulle meer oefening kry.

Stuur dit vir jou vriende aan. Hulle is dalk ook my vriende.

As jy nie kan onthou wie hulle is nie, weet jy wat jou probleem is:

Jy is eenvoudig net te slim!

Ons was baie arm. Ons moes elke dag my Pa se ou Ford bottelstoor toe stoot omdat ons nie genoeg petrol gehad het om die empties te gaan ingee nie.

Stamboom

Help ons familiesoekers

BLOEM adripenney@gmail.com
My pa het in 'n weeshuis groot geword. Sy name was Stephanes Johannes Boem. Hy het met Christina Jacoba van Zyl getrou. Ek wil graag meer weet.

COETZEE cheffie@vodamail.co.za
Ek wil graag meer uitvind oor my pa se familie. Hy is gebore ongeveer 1907, Hendrik Bernardus Coetzee, getroud met Aletta Doreteha Elizabeth Coetzee gebore Oelofse. Ons was 3 seuns, Louis Johannes Jacobus, en Andries Johannes Jacobus en dan ek Hendrik Bernardus.

DU PLESSIS gysdplsss@gmail.com
Stamboom begin. Het baie inligting nodig; Ek is Gys Albertus Jacobus du Plessis van Pretoria, my pa was Jacobus Jeremia Jansen du Plessis. Het groot geword in Vereeniging omgewing. Sal dankbaar wees vir enige inligting. Vriendelike Groete Gys du Plessis.

HUMAN petrokiessig@gmail.com
Wessel Johannes Hendrik Human, gebore in Alexandria. Sterf 06 Februarie 1973 Gobabis Suidwes Afrika

JANSEN joubertsunshinecleaning@gmail.com
My Oupa was Marthinus Hermanus Jansen, gebore 8 Augustus 1897, oorlede 26 Desember 1977. Hy is gebore, (ek neem aan), dit moet op die plaas Rheunosterpoort, Waterval Dist. Witbank wees. Hy is gedoop 14 November 1897 te Pretoria. Hy het dieselfde name as sy Vader gehad. Sy Moeder was Hendrika, Willemina jv Rensburg. Sy ouers het te Doornfontein dist. Pretoria getrou. Ek weet nie of my grootouma Jansen van Rensburg of Janse van Rensburg was nie.

SMIT chris.smit@vodamail.co.za
Verlang inligting oor Christoffel Johannes Smit. Hy was woonagtig op die p plaas Modderbult in Balfour/Heidelberg distrik. Was getroud met Anna Alletta en het drie seuns gehad, wat almal predikante was.

VELDTSMAN rethalotz@gmail.com
Is daar iemand wat die Veldsman-/Veldtsman-familie nagevors het?

VELLOEN hanneliep184@gmail.com
My oupa se vollename was Johannes Tobias Velloen en sy noemnaam was Jan. My Ouma se vollename was Johanna Catharina en haar noemnaam was Hannie en haar nooiensvan was Gouws. Hulle het in die Toitskraal / Marble Hall omgewing gewoon.

VILJOEN imviljoen@me.com
Ignatius Michael Viljoen gebore 14-01-1973, Bellville
Getroud met Leandre Wilna Viljoen (nee Van der Ryst), gebore 25-01-1977, Johannesburg.
Juliet Louise Viljoen, gebore 28-07-2002, Johannesburg
Vincent Michael Viljoen, gebore 19-09-2004, Johannesburg
Marguerite Amelia Viljoen, gebore 31-01-2012, Johannesburg

VILJOEN naasviljoen@gmail.com
Gebore 13 april 1937 en getroud met Lazelle Bonthuys op 5 Januarie 1963 te Bellville. Kinders: Louise Willemyntjie; Johannes Ignatius; Susan; Ignatius Michael.

Sipho kry werk op die see

Sipho doen aansoek vir 'n werk op see.

Skeepskaptein: "Het jy enige ondervinding op see?"

Sipho: "Nee, maar ek is eerlik."

Hy kry die werk, maar drie weke later staan hy die dek en vee toe 'n groot brander oor die skuit bars en hom in die see in spoel.

Een van die seemanne hardloop na die kaptein toe.
"Onthou jy daai swart ou wat jy in diens geneem het? Die een wat gesê het hy is eerlik? Wel, hy het nou net jou mop gesteel!"

My pa het saans vir ons spookstories uit sy tjekboek gelees.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> Plak die strokie van Paraguay al die pad tot by Holland, al op die bikinilyn (nie dat ek ooit dood in 'n bikini gesien sal word nie).
>
> **ONBEKEND**

My aand was doodgewoon. By die huis gekom, kos gemaak, kinders laat bad en in die bed gesit en manlief voor die TV gelos om sy Discovery in vrede te kyk. Besluit dat dit vir die volgende uur "my tyd" is en dat ek die oorlog teen ongewenste hare nou moet aanpak anders lyk ek soos 'n bosbobejaan en kan ek nie die naweek swem nie.

Gryp toe die boks koue waks en pluk hom oop. Hoe moeilik kan dit nou wees? Geen waks wat eers gesmelt moet word nie, dis twee strokies met waks in die middel - amper soos 'n toebroodjie, wat jy dan warm vryf, oop trek en teen jou liggaam plak. Daarna trek jy strokie vinnig af (en skree natuurlik soos 'n maer vark) "no mess, no fuss".

Ek glo ek verstaan die instruksies en dit is mos darem deur 'n vrou uitgevind en báie ander vroue gebruik dit op 'n daaglikse basis, so ek sal dit sommer tjop-tjop onder die knie kry. (Yea, right.)

Ek vryf die strokie tussen my hande, maar kan die ding nie warm genoeg kry nie. Hoe nou gemaak? Kan hom nie in die broodrooster sit nie, dit sal net marakkas maak en die haartang gaan nie lekker werk nie. Natuurlik! Die haardroër! Blaas toe die waks tot ek voel hoe dit sag en speelbaar raak. Dink toe sommer aan ander dinge wat ook sag en speelbaar is...

Raait, daar is my koue waks toe warm waks. Ek trek die een strokie af, plak die slymerige, taaierige storie op my been, knyp die een oog toe, byt op my tande en tjjjjj trek hom af. Kon erger gewees het. Ek is trots op myself dat ek so oulik is en sien sommer hoe glad my bene en die res die naweek gaan wees. Manlief is juis so liefdevol as ek mooi glad is. Ek het die prosedure nou mooi onder die knie en vorder fluks.

Nou kom die moeilike deel. Soos ons ouer word, kry ons mos pakkasie. Ja man, dis nou die spaarwiel om die heupe en maag, die paksak op die boude en die res wat dril soos rofies in die army, jy verstaan? Maak toe die spieël staan op die toilet, staan in my evasgewaad voor die spieël en lig my voet teen die bad sodat ek mooi kan sien en mooi kan bykom. Plak die strokie van Paraguay al die pad tot by Holland, al op die bikinilyn (nie dat ek ooit dood in 'n bikini gesien sal word nie).

Ek het besef dat hierdie deel van die operasie seer gaan wees en het die waks nie so warm gemaak soos die ander nie. Ek wil tog nie in die hospitaal beland met derdegraadse brandwonde aan my kwas nie! Wat sal die mense sê en hoe kyk ek die dominee daarna in die oë? Ek staal myself, vat die strokie styf vas en ruk.

Ek sien sterretjies en wonder of ek moet lag of huil. Hel, maar dis hond-seer! Kyk af en ja, sowaar, ek het die strokie net halfpad afgetrek. Eisj! Daar sit die res dan nog. Hou aan die wasbak vas en PLUK! Ek doen die hoenderdans, die nou dieselfde armgeflap wat ons uitvoer as ons onder die arms geskeer het en ons spuit per abuis Mum 21 aan.

Rooi in die gesig en met my asem wat jaag bestudeer ek die waksstrokie om te sien of ek darem al die hare gekry het. Groot is my skok. Die strokie is LEEG! Neee ... Geen hare, geen waks! Nou waar de hel is die waks! Ek buig vorentoe en lyk soos 'n volstruis wat sy kop in die sand wil steek, loer oor die spaarwiel en wraggies, daar sit die hare steeds, dis nou die hare wat veronderstel is om op die waksstrokie te sit.
Ek voel versigtig daar onder en sug swaar, want daar, op my privaatste plekkie, waar ek nie mooi kan bykom nie, daar sit die waks . . .

Sonder om te dink haal ek my voet van die bad se kant af en stamp hom hard op die vloer terwyl ek vloek soos 'n matroos. Ek sluk halfpad deur my rympie amper my tong in toe my kwas en wangetjies mekaar omhels.

Jip, daar staan ek toe, toegeplak van Paraguay al die pad tot in Holland en my hart klop in my groottone. Hoe nou gemaak? Ek loop soos 'n pikkewyn op en af voor die wasbak terwyl my maag draai en ek hard bid. Dink, Lolla, dink!

Ek kry 'n blink plan, gryp die haardroër en begin blaas. My oë traan van die warm wind, maar helaas, die waks wil niks weet van smelt nie. Miskien moes ek langer uitgehou het, maar 'n mens kan ook net soveel warm wind dáár hanteer. Oukei, wat volgende? Miskien warmwater?

Ek probeer eers warm water met die stortkop (waarmee jy jou hare in die bad was) op die waks spuit, maar dit werk nie lekker nie. Tap toe maar die bad vol warm water en kry myself baie jammer omdat nie eers die gevangenes op Robbeneiland so gemartel is nie.
Wel, die enigste ding erger as jou private dele wat mekaar omhels, is jou private dele wat vas aan mekaar geplak is en dan nog aan die bodem van die bad vassit terwyl jy so rooi soos 'n kreef verkleur en jou brein vir jou bly skree "STAAN OP, IDIOOT, STAAN OP, EK IS BESIG OM TE KOOK".

Ek leer toe op die harde manier dat warm water nie "koue waks" smelt nie. Terug na die begin. Ek loer om die badkamerdeur (wil nie he manlief moet my so sien nie) en waggel dan kamer toe, waar ek my selfoon gryp en terug badkamer toe waggel. Raait, wie bel ek nou?

My ma stoot wolke rond, my tante het in haar lewe nog nooit eers van waks gehoor nie. Sy dra dan steeds doekies, al is tampons al jare op die mark. Wie? My skoonma! Natuurlik! Sy doen mos altyd hierdie weird en wonderlike goed en ken al die boererate onder die son.

Skoonpa antwoord en ek praat hom sommer dood. Ja, skoonma is daar en dan hoor ek haar stem. Ek wil sommer huil van blydskap. Sy sal kan help. Ek hakkel so effe, maar vertel haar van my dilema. Stilte. Nog stilte. Ek begin net wonder of my foon sein verloor het toe ek haar hoor lag. Sy lag so dat sy nie met my kan praat nie. Eers lag ek saam, dan raak ek vies.

Sy hou op lag, maar ek kan aan haar stem hoor dat sy nog nie klaar is nie. Wat sê die boks? wil sy weet. Wat sê die boks? Seker nie dat jy dom genoeg moet wees om jouself weer in 'n virgin te verander nie.

Skoon ontstoke gryp ek die boks terwyl skoonma weer aan die ander kant proes. Skoonma ek soen jou sommer. Daar, binne-in die boks, is 'n botteltjie olietjies om die "ekstra waks" mee te verwyder. Ek wil sommer my eie gaai skop dat ek nie eerste in die boks gekyk het voordat ek skoonma gebel het nie,want nou gaan die hele familie weer die storie van Lolla se toegeplakte kwas hoor en sal ek seker nooit die einde daarvan beleef nie.

Ek druk die foon dood met haar gelag in my ore, gryp die bottel en smeer liberaal van die "olie" aan. My oë traan, my neus loop, my ore is toegeslaan en my kwas is dood, letterlik, geen gevoel nie, maar DIT WERK!

Ek laat nie op my wag nie en skrop asof my lewe daarvan afhang. Mind you, my lewe hang daarvan af. My bene voel soos jellie, my hart klop asof ek so pas 'n marathon gehardloop het. Klaar, maar agge nee, die hare is steeds daar ... Flippen hel! Dis nou genoeg!

Bogger dit. Ek gryp die skeermes en skeer dat jy net hare sien waai. Hoop nie ek skeer myself raak nie, want op hierdie stadium is my kwas en omliggende dele so dood dat ek my eie been sal afsny sonder om dit te voel.

Wel, mense, nooit weer probeer ek waks nie en ek beveel julle sterk aan om behoorlik daaroor te besin voor julle begin.

Nou wonder ek, sal ek volgende week probeer om sonstrepies in my hare te sit?

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 9 MAART 2015